Hoe wors op ‘n vuur gaar te maak

Dit is altyd lekker om wors op ‘n vuur gaar te maak. Hier is verskillende metodes.

? Stappe

1. Metode 1: Soek ‘n dunnerige stokkie. Maak die stokkie skoon. Steek die wors daardeur en rooster oor die kole.
2. Metode 2: Draai die wors in koerantpapier toe. Gooi die pakkie direk op kole. Die koerantpapier sal swart word, maar behoort nie aan die brand te slaan nie. Die vet van die wors maak dat die koerantpapier nie brand nie.
3. Metode 3: Draai wors in foelie toe, blink kant na binne. Gooi direk op die kole.
4. Metode 4: Rooster oor kole. Jy benodig ‘n rooster en vuur. Laat elke persoon self sy wors gaarmaak. Sorg dat daar genoeg braaitange is.

5. Sing die liedjie:
   Dis net ‘n worsie ander half duimpie,
   bo-op ‘n snytjie botter en brood
   Dis net ‘n worsie ander half duimpie,
   bo-op ‘n snytjie botter en brood
   Maar in ons hart is daar geen smart,
   dis volg van vreugde:
   Ons het die worsie na binne gestuur!
   (Ja! Ja! Ja! Ja!)
   Dis net ‘n worsie ander half duimpie
   bo-op ‘n snytjie botter en wors.
6. Sing “Wat maak ‘n kamp so lekker”. Hierdie liedjie is groot pret saam met bewegings.
   Maak bewegings vir
   kamp (vorm ‘n driehoek met wysvingers en duime)
   lekker (hou duim in die lug)
   koffie – maak of jy koffie uit ‘n beker drink
   pap – klap hande op mekaar
   wors – maak met hande ‘n wors

WAT MAAK ‘n KAMP SO LEKKER

Wat maak ‘n kamp so lekker
Dis koffie, pap en wors.
Wat maak ‘n kamp so lekker
Dis koffie, pap en wors.
Dis koffie (2x)
Dis koffie pap en wors
Dis koffie (2x)
Dis koffie pap en wors

☺ Wenke

1. Maak stokbrood saam met die wors.
2. Laat die kinders self die vuur maak.

☠ Waarskuwings

1. Daar moet deurentyd ‘n volwasse persoon toesig hou.
2. Gee vir elke persoon net ‘n klein stukkie wors. Probeer enige vermorsing vermy.